The agenda was submitted by Mr. T. H. Janse van Vuuren, then Chairman of the Management Committee, the city's "Cabinet". The other members of the Committee were councillors B. M. van Tonder (vice-chairman), L. J. van den Berg, R. Rutowitz, Prof. P. J. van der Walt, Mr. H. Rode, the present Town Clerk who succeeded Mr. H. Preiss, the first Town Clerk to be appointed under this system.

The abolition of the committee system in vogue at the time of the first and subsequent meetings and the introduction of the management committee system in the Transvaal, and consequently in Pretoria, on 1st February, 1961, was the biggest change made in the local government system since its introduction early thist century.

The agenda contained the recommendations of the Management Committee, each one of which was put to the Council by the Mayor in his pleasant voice and efficient manner. When a debate arose or another opportunity presented itself, a quip or appropriate interjection brought laughter to the Council Chamber which two decades ago were the soundboard of ill-tempered and ill-mannered outbursts.

It was a far cry from the five written pages of the minutes of the first meeting, held almost precisely 63 years ago, to this one of which the number of typed pages well exceeded 600.

This change too, as well as that in the use of the official languages, reflects the growth of Pretoria. The acacia in the city's coat of arms, chosen as symbol of the capital's slow but lasting development, has indeed flourished into a luscious and luxuriantly growing tree. Never could the founders of the city have dreamt of the size and fame of the present city when they beheld the hamlet on the banks of the Apies River that was their home.

DANVILLE: WESTELIKE VOORSTAD VAN PRETORIA

deur G. J. VAN ECK

DIE Stigtingsvoorwaardes van Danville op Gedeelte No. 169 van die plaas „Pretoria Town and Townlands” aangelê, is afgekondig by Administrateursproklamasie no. 46, 1951, in Provinsiale Koerant van 21 Februarie 1951.

Sedert 1942, toe die eerste aanvoerwerk vir die stiging van die dorp gedoen is, moes eers die dorp self en daarna sy strate vernoem word. Hoeveel daar agter die skerms plaasgevind het voordat die kindjie „Danville” gedoop is, is miskien interessant en geskiedkundig genoeg om 'n kort terugblik daarop te werp.

Onder die opskrif: “Naming of New Township: Western Townlands”

het die Stadsingenieur aan 'n vergadering van die Stadsraad se Gesondheidskomitee (16 April 1943) berig: "Plans for the development of the new township are in preparation, and it is essential that a suitable name be selected. 'Steelview' is suggested as being appropriate.

Any further suggestions by members of the Committee would be appreciated."

Daar is toe besluit: "That the naming of the new township . . . be deferred for a period of three months."

Na aanleiding van genoemde besluit, het die *Sunday Times* van 18 April 1943 'n beriggie geplaas, getiteld "Wanted — a Name", waarop die naamgewers landswyd gereageer het.

Van die vernaamste faktore wat dié naamgewing beïnvloed het, was die volgende:-

(1) **Geskiedkundig.**

(a) **Uit die verlede:**

President Kruger.

President Ville, Pauling Ville, Paulington, Paulville, Krugerville, Presipauldent, Pauling Ford, Paulpresville, Paulton Ville, Pauling Hurst, Stephanian (na die eerste naam van die President).

Genl. Botha.

Botha Ville.

Van der Byl.

Nacht-Wacht (Afrik.) Nagwag — (which was the Estate of the late Mr. Albert van der Byl, district Bredasdorp, C.P. or Fairfield — the estate of the late Mr. Piet van der Byl, district Caledon, C.P.)

Cornelis Delfos.

Delfosstad, Delfosville, Delfos Township, Delfosview, Delfosville

(b) **Uit die hede: Tweede Wêreldoorlog.**

Warreford (War-re-ford) (War Effort).

Sir Patrick Duncan, Goew.-genl.

Patrick Ville, Duncanville.

Janbarry Jan (Smuts) + Barry (Hertzog).

Stalin — ("in honour of our heroic Alley in Russia").

Stalingrad = ("meaning men of steel or city of steel").

Stalinview — ("why not name it after the leader of our Russian

Allies, which incidentally means steel.”)
Steelyn — (“Afrikaans Stälin? or Steelyn Crescent?”)

Veldmaarskalk Jan Smuts.

Greysteel — (“Biography on Jan Smuts”).
Smutsville,
Smutsview — (“For the honour of our leader’s birthday 24th of May.
His and our view of winning the War. Smutsview totals = 9 words.
 $24 = 2$ and $4 = 6$
May = 3 words = $3 + 6 = 9$.”)

Winston Churchill.

Winstondale -- (“We should always remember that we are residing in the Administrative Capital of the Union, from which the great Winston heroically escaped from a prison camp. And to-day he is leading the destiny of our great Common Wealth”)
Liberec — (“ . . . after the town in Czechoslovakia which the Germans wiped out”).
Magnitoville — (“Russians have a name somewhere in one of their industrial centres called “Magnitogorsk” — meaning ‘Mountain of Iron’)
Victoriaville — (“ . . . as we all look forward to the victory of our armies this year!”)

Mont-Pienaar (“This name will stand for our two Great Leaders— General Montgomery and the late General Dan Pienaar. This will cement the two names for ever, and also represent both Africans and English, and so bind the two Natives closer together.”)

Gen. Dan Pienaar.

DANVILLE — (Op 18.4.43 voorgestel: A. J. Opperman, Pretoria).
Danfosville (Dan Pienaar + Delfos).
Pienaarstown of Pienaars Town, Pienaars Valley, Pienaars Ville, Pienaars Field, Pienaars Ridge, Pienaar.
Dan Pienaar, Dan Pienaar’s Ridge, Steelpien Town, Piensteel Town
El Alamein.
Dan Pienaar El Alamein (“In years to come they will ask how did it get the name . . . and so the story will be told a great South African name will live forever”).
Danton (“in memory of Dan Pienaar”).

Dan-Sheffnaar -- (“ . . . this being in memory of the late General Dan Pienaar and of the great steel centre in England, Sheffield.”)

(2) **Aardrykskundig:**

(a) **Ligging digby Yskor.**

Corview, Cor-Is-Cor, Coris, Corisville, Corisdale, Corisbrook.

Ferrisville	Iscoria
Ferrumburg	Iscortina
Ferrozicht	Iscorville
	Iscortoria

Iscordia Township, Iscobel, Iscorbel, Iscorberg.

Glare View — (“ . . . one always sees the glare from the Steelworks from whatever part you enter Pretoria”).

Oreview.

ROCSI (“pronounced ROXY — this is in reality the word ISCOR reversed.

Furthermore it contains the initial letters of Smuts, Churchill and Roosevelt.

. . . By calling it ROCSI TOWNSHIP or ROCSI PASS or ROCSI POST, you will also have, in addition to the above names, the initial letters of STALIN and PIENAAR.”)

Rocis, Staalsitus, Staalview, Steelstad, Van-Coris, Van-Iscor, Wescoria (West + Iscor + Pretoria) Wescor (woordspeling op Iscor) Youscor, Theyscor (“for further new Townships”).

(b) **Ligging beweste Pretoria/Yskor.**

Westlands, West Range (“old shooting range”), West Point, Westerford Ville, Westville Township, Westleigh, Westhaven, Westown, West View, Westcor, Westview, Westberg, Westenberg, Wested, West Kliffe Manor Estate (or Township).

West Deane — (“Consider names of distinguished citizens unappropriate as an Opposition Govt. would alter it as it suited them. As Re Roberts Heights Etc. Etc. Etc.”)

(3) **In die toekoms.**

Outlook — (“A very hopeful prospect for S.A. industry. **What** an outlook!”)

Longview (“looking ahead”).

Progress.

(4) **Verband Onseker.**

Brighton, Brightly, Brightview, Brightlands, Fairview, Fairlands,

Fairhaven, Hill View, New View, New Berry Ville.
Rosedale.

Ivanhow ("Ivanhoe" van Walter Scott of Russiese tsar Ivan).
Pretor Ville, Pretor Ton (deel die naam Pretoria?).

Weens die dringendheid van die saak kon die noeming van die dorp nie langer so gelaat word nie en dus het voormelde Gesondheidskomitee op 14 Mei 1943 uit 'n lys van meer as 100 name wat deur die publiek ingedien is, die volgende as geskikte name voorgestel:

„Steelview,”
„Duncanville,”
„Pienaarstown.”

Sy Edelagbare die Burgemeester, raadslid D. Junor, het egter aan die hand gedoen dat die dorp „Danville” moet heet ter ere van wyle genl. Dan Pienaar. Die voorstel is dan deur die Gesondheidskomitee aldus by die Raad aanbeveel, wat egter by sy vergadering op 27 Mei 1943 besluit het om die Komitee se aanbeveling vir nadere oorweging terug te verwys.

In 'n skrywe gedateer 21 Julie 1943 het die Dorperaad verneem of die Stadsraad al oor 'n naam besluit het. Op 7 Oktober 1943 deel die Stads-klerk die Dorperaadsekretaris mee dat sy Raad op die naam „Westland” besluit het, welke naam egter vir die Posmeester-generaal onaanneemlik was „in view of its possible confusion with other Post Offices with phonetically similar names.”

Op 1 Desember 1943 stel die Stadsklerk aan die Stadsingenieur voor dat die naam „Welcome” oorweeg word.

Op Raadsvergadering van 21 Februarie 1944 is daar eindelijk toe besluit: „That the proposed new township, to be laid out on Pretoria Town and Townlands 599, District Pretoria, be named „Danville”.

In 'n brief (Ref. No. T.A. 933/7638) gedateer 15.3.1944 deel die Sekretaris van die Dorperaad die Stadsklerk mee: „Kindly note that the above township will in future be referred to as „Danville”.

Hoe lank die noeming geduur het, blyk uit die feit dat mnr. A. J. Opperman van Pretoria in sy brief van 18.4.1943 as naam vir die dorp, „DANVILLE” voorgestel het ter ere van wyle genl. Dan Pienaar na wie ook die hoofstraat in Danville, nl. „Danweg” vernoem is.

Die gevierde genl. Dan (Daniel Hermanus) Pienaar, gebore Lady Brand-distrik, O.V.S., op 27 Augustus 1893, het nie aan die oorlogsfront nie maar in 'n vliegtuigongeluk te Kisumu, Kenia, omgekom op 19 Desember 1942 onderwyl hy op pad was na sy vaderland toe.

- Bronne:** (1) Stadsraad van Pretoria: Argiefleër 136/29.
(2) Krygshistoriese Afdeling, G.H.K., Dept. van Verdediging.
(3) I Remember Him (An S.A.B.C. Publication) “Dan Pienaar” by Lt.-General George Brink.

BESONDERHEDE AANGAANDE REGTER S. G. JORISSEN


Deur DR. JAN PLOEGER

OOR Samuel Gerhard Jorissen, die oudste seun van die bekende dr. E. J. P. Jorissen, bestaan nie veel gepubliseerde gegewens nie. Om in hierdie leemte te voorsien, volg die volgende skets wat hoofsaaklik berus op 'n aantal gegewens wat in 'n plakboek voorkom wat 'n paar jaar gelede deur mev. E. Gardiner-Jorissen ter beskikking van skrywer gestel is. Die inhoud van hierdie plakboek bestaan gedeeltelik uit 'n aantal koerantknipsels wat ongelukkig ongedateer is, maar waarvan die herkoms aan die hand van die volgende besonderhede opgespoor kan word.

Met verwysing na skrywer se studie „Dr. Eduard Johan Pieter Jorissen (10 Junie 1829-20 Maart 1912) wat in die „Tydskrif vir Wetenskap en Kuns” (Nov. 1945) verskyn het en waarin ook 'n aantal besonderhede aangaande sy oudste seun Samuel Gerhard voorkom, volg hierdie volgende aanvullings.

Samuel Gerhard Jorissen is op 10 Maart 1857 op Kampereiland, Nederland, gebore waar sy vader van 1854-1859 in die bediening gestaan het. Sy universitêre studie het hy aan die Ryksuniversiteit van Groningen, Nederland, voltooi waar hy op 8 Julie 1880 op grond van die proefskrif „Uitgewerkte opmerkingen over twee vraagstukken van Volkenrecht” as doktor in die regte gepromoveer het. Daarna het hy na Delft gegaan om hom vir 'n toekomstige amptenaarsloopbaan in Nederlands Oos-Indië voor te berei, maar die gebeurtenisse in Transvaal het hom van plan laat verander en in November 1881 het hy op Potchefstroom die eed van advokaat en prokureur afgelê en saam met dr. F. B. Tobias in Pretoria begin praktiseer.

Na die ontslag van sy vader as Staatsprokureur (1883) het dr. S. G. Jorissen die amp van Staatsprokureur ses maande tydelik bekleed om in September 1886 sy aanstelling as kommissaris van die westelike distrikshof te ontvang. Na die aftrede van Regter P. Burgers het sy aanstelling as Regter van die Transvaalse Hooggeregshof gevolg (1886), 'n pos wat hy tot sy heengaan op 3 September 1889 met onderskeiding bekleed het. Hy was een van die slagoffers van malaria, 'n siekte wat Pretorianers in daardie dae herhaaldelik aangetas het, 'n longaandoening het gevolg en 'n einde aan 'n veelbelowende loopbaan gemaak.



Die stoet in Kerkstraat. Sover bekend is hierdie foto nog nie voorheen gepubliseer nie.

UIT DIE PERS

Dat dit die geval was, blyk duidelik uit die volgende aanhalings uit die toenmalige pers. In „De Volksstem” is o.m. verklaar:

„In een tijd als de tegenwoordige, waar de stroom van het leven aan breedte zoekt te herwinnen, waar hij aan diepte heeft verloren, sluit het feit, een man van karakter te zijn geweest, een bijzonderen en benijdenswaardigen lof in zich en dien lof kon men Rechter Jorissen met volle recht toekennen.”

In dieselfde artikel is soos volg voortgegaan:

„De arm is machteloos die het palladium van het recht 'de onpartijdigheid' steeds zoo krachtig omhoog heeft gehouden, de heldere blik is omfloersd die hem, in zijne kwaliteit, zulk een sieraad maakte van de Rechtbank, de scherpe geest en het klare verstand zijn uitgedoofd . . .”

In die Engelse pers is verklaar:

“As a judge, the late gentleman was clear headed, strict, and impartial, and in social and private life he was highly esteemed for his many good qualities.”

In die pers is ook melding gemaak van sy optrede in verband met die saak teen die voormalige Administrateur van Stellaland, Van Niekerk, wat deur dr. Jorissen in 1886 verdedig is, waarop eersgenoemde vrygespreek is; van die regsgeding tussen die Staat en Nellmapius in dieselfde jaar, van sy werksaamhede met betrekking tot die Grondwethersiening en die voorgestelde nuwe hofregulasies.

Die begrafnis is in die pers beskryf as die grootste wat Pretorianers tot op daardie tydstip aanskou het. 'n Lang begrafnisstoet het deur die strate van die Hoofstad getrek. Voorafgegaan deur lede van die Hoogeregshof, advokate en prokureurs in ampsgewaad, het die naaste bloedverwante van die heengegane en sy weduwee gevolg wat op hulle beurt gevolg is deur 'n rytuig waarin 'n aantal hoë amptenare en drie Artillerieluitenante gesit het. Dáárop het Staatspresident S. J. P. Kruger se rytuig gevolg. Die stoet, wat uit 'n sestigtal rytuie bestaan het, is deur 'n afdeling polisie afgesluit. Aan die graf het Staatsprokureur dr. A. J. E. Krause die woord gevoer en o.m. daaraan herinner dat dr. Jorissen op 9 November 1886 as tweede strafregter aangestel is, terwyl ds. P. Postma die lykrede gehou het.

In die gedig „In Memoriam” het „Anasias, Junior” o.m. geskryf:

„Through fever-stricken streets the mourners pass,
While foul disease pursues its direful course,
And terror strikes e'en to the bravest hearts.”

Regter dr. S. G. Jorissen het heengegaan en sy weduwee, voor haar huwelik mej. A. Burgers, dogter van oud-Staatspresident Burgers, het agtergebly.

'N BRIEF VAN SIMPATIE

In dieselfde plakboek is, in die handskrif van dr. E. J. P. Jorissen, 'n afskrif van 'n skrywe van deelneming wat aan die weduwee gerig was deur dr. A. O. H. Tellegen (1848-1904), 'n studiegenoot van dr. S. G. Jorissen uit sy Groningse jare. Die brief is gedateer Groningen, 3 Oktober 1889 en die teks lui soos volg:

Mevrouw de Wed. Mr. S. G. Jorissen-Burgers.

Zeër geachte Mevrouw,

Zelden trof bericht mij dieper dan toen ik heden morgen in een onzer

bladen uit de Transvaalsche Volksstem zag overgenomen eene mededeeling betreffende het overlijden van uwen besten echtgenoot. Van jongs af had ik het voorrecht tot Sams kennissen te behooren en ook in den studententijd tot den meer engeren kring zijner vrienden te behooren en ook in Transvaal werd die betrekking door ons beiden zoo veel mogelijk volgehouden. Beide schreven wij elkander, beiden deden wij het zelden. Nu zijn leven zoo kort moest duren, mij te zelden. Van morgen doorliep ik nog eerst zijn correspondentie waarin menige opmerking mij wederom trof en die van den eersten tot den laatsten brief vooral getuigde van zijn groote belangstelling in het land dat zijn tweede vaderland scheen te zullen worden en waaraan hij, bij langer leven, zeer zeker nog groote diensten had zullen bewijzen. Zijn laatste brief kwam van de (?) huweliksreis uit Port Elizabeth. Wel moest uw huwelijksgeeluk van korten duur zijn. Kan het u tot troost zijn dat uw' echtgenoot in Transvaal met weemoed is ten grave gebracht, ook hier te lande zal menigeen zijn overlijden vernemende, met warme belangstelling aan hem terugdenken. Zijn vroeg vertrek uit het vaderland, de verre afstand, de lange duur van scheiding maakten geleidelijk los den band die hem in den studententijd aan zoovelen verbond. Maar niettemin mag ik u de verzekering geven dat, zoo dikwijls zijne tijdgenooten samen zullen zijn, zijn naam onder ons zal genoemd worden als een van die weinigen die altijd en overal hartelijkheid wist te betrachten en gezelligheid wist te verspreiden, die waardeering vereischte door de wijze waarop hij opgewassen bleek te zijn tegen eene levenservaring moeilijker dan men gewoonlijk op dien leeftijd ontmoet. Zijne bejaarde ouders zullen niet minder dan gij gebukt gaan onder het verlies van hunnen oudsten zoon. Wil mede namens mijne vrouw en mijne vrouw hare verzekering onzer deelneming overbrengen, en wil ten slotte gelooven dat ik zelve aan Sam de herinnering zal bewaren van een der beste vrienden uit mijn jeugd, van een dier mannen die reeds bewezen voor de toekomst . . . te belooven om nu reeds heen te gaan. Mijne vrouw deelt niet minder dan ik in uwe droefheid, wij beiden verblijven hoogachtend en vriendschappelijk

A. O. H. Tellegen Bzn.

* * *

DOKUMENTASIE

Aan bogenoemde besonderhede kan nog kortliks die volgende bronne in die Transvaalse Staatsargief toegevoeg word. Die volgende dokumentasie is nie volledig nie.

Uitvoerende Raad, band 6, 15.11.1881, art. 125:

Adv. S. G. Jorissen en F. B. Tobias versoek om toegelaat te word by die howe van die Suid-Afrikaanse Republiek indien hulle dokumente

in orde bevind word. Die Raad besluit dat, omrede daar nie voorsiening vir die toelating van Nederlandse regsgeleerdes gemaak is nie, dat die dokumente aan die regsgeleerde-kommissie gestuur word en dat hulle na beoordeling toegelaat mag word om as advokate en prokureurs in die Republiek op te tree.

U.R., 21.6.1884, art. 132. Dr. S. G. Jorissen in die plek van Hoolboom benoem as Spesiale Kommissaris.

S.S. (Staatsekretaris), band 1240, waarin R.3132/1886. van 5.7.1886. Regter P. Burgers dien sy bedanking in.

S.S. 1242, waarin R.3236/1886. Dr. S. G. Jorissen—Staatspresident, 8.7.1886. Dr. J. doen aansoek vir die pos van Eerste Strafrechter, vermeld sy promosie in Groningen.

S.S. 1287, waarin R5050/1886. Hoofregter J. G. Kotze—Staatsekretaris, 7.10.1886. Dr. J. as waarn. Regter aanbeveel op Potchefstroom en Christiana omdat Regter Burgers bedank het. Dr. J. word tydelik aangestel op 8.10.1886. Goewermentskennisgewing nr. 217, 12.10.1886.

U.R., band 7, 3.11.1886, art. 262.

Dr. J. deur U.R. as Tweede Strafrechter aanbeveel.

Dr. E. J. P. Jorissen versameling (aanwins 551), Staatsargief, Pretoria. Op 9.11.1886 is dr. J. formeel aangestel as Tweede Strafrechter teen 'n salaris van £1,000 per jaar. B.B. 1113/1886. S.S. 2090, waarin R10220/1889, waarin dr. E. J. P. Jorissen—Staatspresident, 25.9.1889. Vra of die weduwee wat in 'n moeilike finansiële posisie verkeer, die salaris van haar heengegane eggenoot nog vir die hele jaar 1889 kan ontvang.

U.R., band 9, 2.10.1889, art. 651. Bogenoemde versoek toegestaan.

GRONDWET VAN GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

Nadat die Grondwet van die Genootskap nou vir etlike jare nie beskikbaar was nie, is dit gedurende 1965/66 hersien en op die jaarvergadering van 1966 finaal goedgekeur.

Met die oog op die beskikbaarstelling daarvan aan die lede in permanente vorm en om dit terselfdertyd amptelik te dokumenteer, word dit in hierdie uitgawe van PRETORIANA volledig in Afrikaans geplaas. Die Engelse teks sal insgelyks in die volgende uitgawe van PRETORIANA weergegee word.—Red.

1. Die Genootskap staan bekend as die „**GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**”.
2. Die doelstellinge van die Genootskap is:
 - (a) om belangrike historiese, kultuurhistoriese of argitektoniese geboue en belangrike plekke op te spoor en outentieke gegewens daaromtrent te boek te stel of die verkryging daarvan te bevorder en vir die bewaring van sulke geboue en plekke of die gegewens daarvan, reëlings te tref of te laat tref;
 - (b) om dokumente, voorwerpe of boustowwe van geskiedkundige en/of kultuurhistoriese belang te versamel of te laat versamel, self daarvoor te beskik of dit aan 'n geskikte liggaam of inrigting vir veilige bewaring te oorhandig;
 - (c) om geskiedkundige feite in skrif, beeld of andersins vas te lê en pogings aan te wend om dit deur outentieke gegewens van geskiedkundige of kultuurhistoriese aard aan te vul en om 'n getroue voorstelling van die geskiedenis van die stad Pretoria en omliggende gebiede, te bevorder;
 - (d) om beheerde, onvoldoende beheerde of onbeheerde geskiedkundige gebiede, met insluiting van dié met kultuurhistoriese waarde, voorwerpe of materiaal te ondersoek en vir die bewaring of instandhouding daarvan stappe te doen, indien nodig in oorleg met ander organisasies en/of plaaslike, provinsiale of landsowerhede waarvan die werkgebied ooreenkom met dié van die Genootskap;
 - (e) om planne te beraam en stappe te doen om geskiedkundige feesvierings te bevorder en om wedstryde in verband daarmee te reël, te ondersteun of te bevorder;

- (f) om binne sy werkgebied die munisipaliteite, dorpsrade of enige ander raad met die nodige bevoegdheid, behulpsaam te wees met dorpsbeplanning, uitbreiding, ontwikkeling, verfraaiing van dorpsgebiede, verbetering van dorpsgeriewe, vasstelling of verandering van benaming van enige gedeelte van die stad of voorstede van Pretoria en omliggende gebiede;
 - (g) om belangstelling in die inheemse bome en ander plantegroei van die stad Pretoria en omliggende gebiede gaande te maak en hom vir die bewaring daarvan te beywer;
 - (h) om stappe te doen om erkenning van die verlede by die beplanning van stadsgebiede te verseker;
 - (i) om tydskrifte, kaarte, boeke of ander verslae van belang of van die werksaamhede van die Gemeenskap of van geskiedkundige belang, op te stel en uit te gee;
 - (j) om vir die doeleindes van die Genootskap enige roerende goedere, uitrusting, patente, handelsmerke, outeursreg en enige roerende sowel as onroerende eiendom, te koop of andersins te verkry, te besit of daaroor te beskik;
 - (k) om geld te leen of op enige wettige wyse te verkry of die betaling daarvan te verseker op sodanige wyse as wat die Genootskap mag goed dink;
 - (l) om enige geld van die Genootskap wat nie onmiddellik vir die voortsetting van die werksaamhede van die Genootskap benodig word nie, te belê of daarmee te handel teen sodanige sekuriteite en op so 'n wyse soos van tyd tot tyd bepaal mag word en om sodanige sekuriteite en beleggings te realiseer of te wysig, die opbrengs te herbelê of op enige ander wyse daarmee te handel soos van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal mag word;
 - (m) om bank-, bougenootskaps- of soortgelyke rekeninge te open en te beheer; promesses, wissels en ander verhandelbare bewyse of oordragdokumente te onderteken en uit te reik;
 - (n) om alles te doen of te laat doen wat nodig geag mag word om enige van die doelstellinge van die Genootskap uit te voer of te bevorder of self of deur agente, kontrakteurs, verteenwoordigers of in samewerking met ander liggame;
 - (o) om na verteenwoordiging op rade, samewerking met enige raad, owerheid, inrigting of persoon, te streef en om aan hulle werksaamhede deel te neem op 'n wyse wat die doelstellinge of die belange van die Genootskap kan bevorder;
 - (p) om amptelike wapens, kentekens of ander embleme vir die Genootskap of van belang in die geskiedenis van Pretoria en omliggende gebiede te laat ontwerp, toe te ken en te registreer en om die inwoners van Pretoria en omliggende gebiede raad te gee in verband met die ontwerp en registrasie van wapens en soortgelyke sake en om behulpsaam te wees met die opstel van familiegeskiedenis en die berging van historiese en artistieke voorwerpe.
3. Die Genootskap bestaan uit 'n ledetal van minstens tien (10) gewone lede, wat kan wees individuele persone, geïnkorporeerde liggame, verenigings, en/of genootskappe van persone. Elke sodanige lid en liggaam, vereniging of genootskap sal egter net geregtig wees op een stem in elke vergadering of byeenkoms van die Genootskap.
 4. Elke lid sal verplig wees om te voldoen aan die voorwaardes van die grondwet en enige bywette of regulasies van die Genootskap.

5. LEDE van die Genootskap bestaan uit:
 - (a) Gewone lede;
 - (b) Erelede;
 - (c) Lewenslange lede.
6. Elke KANDIDAAT VIR GEWONE LIDMAATSKAP moet deur 'n lid van die Genootskap skriftelik voorgestel word, vergesel van sy eie skriftelike instemming tot sodanige voorstelling en onderneem om te voldoen aan die voorwaardes van lidmaatskap indien hy tot lid verkies sou word.
7. Elke voorstel om lidmaatskap word behandel deur die bestuur en die kandidaat kan as gewone lid toegelaat word deur 'n meerderheid van stemme van die bestuur, op voorwaarde dat 'n gekeurde lid binne 14 dae nadat hy kennis van sy toelating as lid ontvang het, sy toetreegeld en die eerste jaar se ledegeld, betaal.
8. Op aanbeveling van die bestuur is die Genootskap geregtig om op 'n algemene vergadering ERELEDE te benoem.
9. **TOEKENNING VAN ERELIDMAATSKAP:** Die jaarvergadering kan, op aanbeveling van die bestuur, erelidmaatskap toeken aan lede sowel as nie-lede, as erbewys vir buitengewone bydrae tot die doelstellinge van die Genootskap of tot die bevordering van die aansien en vooruitgang van Pretoria en omliggende gebiede, of vir buitengewone bydrae tot die ontwikkeling van Pretoria en omliggende gebiede en/of geriewe, of vir enige ander buitengewone werksaamhede van algemene of publieke belang wat Pretoria en omliggende gebiede betref.
 'n Erelid sal nie toetreegeld of ledegeld betaal nie en ook nie stemgeregtig wees in enige vergadering of byeenkoms van die Genootskap nie.
10. **LEWENSLANGE LEDE:** Lewenslangelidmaatskap kan verkry word deur die skenking van 'n bedrag van minstens Vyftig Rand (R50.00) aan die Genootskap. Lewenslange lede besit volle lidmaatskapsvoorregte tot hul dood sonder dat daar enige geldelike verpligtinge op hulle rus.
11. **LIDMAATSKAP SAL BEEÏNDIG WORD:**
 - (a) wanneer 'n lid nie aan die vereistes van lidmaatskap voldoen binne 14 dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing om sy verpligtinge na te kom nie;
 - (b) op aanbeveling van die bestuur en na bekragtiging deur die eersopvolgende algemene vergadering van lede;
 - (c) na afsterwe van die lid;
 - (d) as 'n lid kranksinnig verklaar word;
 - (e) na bedanking van 'n lid as lid van die Genootskap.
12. Toetreegeld en ledegeld word van tyd tot tyd bepaal deur 'n algemene vergadering van die lede. 'n Ledegeldwysiging sal egter nie in werking tree vir dié tydperk waarvoor dit reeds deur 'n lid vooruitbetaal is nie.
13. Die werksaamhede, sake en ondernemings van die Genootskap word beheer en bestuur deur die bestuur wat al die bevoegdhede van die Genootskap mag uitoefen wat nie volgens die bepalings van hierdie Grondwet deur die lede van die Genootskap in algemene vergadering uitgeoefen moet word nie, dog

met inagneming van enige bepalings van sodanige bywette of regulasies soos deur die Genootskap op 'n algemene vergadering bepaal mag word. Geen bywette of regulasies, bepaal deur die Genootskap op 'n algemene vergadering, sal enige vorige handeling van die bestuur wat geldig sou gewees het as daardie bywet of regulasie nie gemaak was nie, ongeldig maak.

DIE BESTUUR

14. (a) Die bestuur van die Genootskap bestaan uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris, Hulpsekretaris, Redakteur, Penningmeester, Argivaris en ses ander lede.
 - (b) Die Bestuurslede word deur die lede van die Genootskap op die algemene jaarvergadering voorgestel en gekies en tensy anders bepaal met hulle verkiesing sal hulle die onderskeie ampte beklee tot die volgende jaarvergadering.
 - (c) Bestuurslede beklee hulle ampte van onmiddellik na die vergadering waarop hulle verkies is en behou dit insgelyks tot aan die einde van die vergadering waarop hulle opvolgers verkies word.
 - (d) Indien 'n bestuurslid te sterwe sou kom of sou bedank of uittree gedurende die tydperk van sy ampstermyn, het die oorblywende bestuurslede die reg om 'n bestuurslid vanuit die lede van die Genootskap te koop teer vir die oorblywende deel van die termyn waarvoor die gemelde bestuurslid verkies was.
 - (e) Vier bestuurslede vorm 'n kworum.
 - (f) Die bestuur moet minstens een maal elke drie maande vergader en die Voorsitter mag verdere vergaderings byeenroep wanneer nodig.
 - (g) Die bestuur mag uit sy lede vaste sub-komitees of ad hoc-komitees benoem met magte soos bepaal deur die benoemingsbesluit, of met volle magte van die bestuur soos laasgenoemde mag besluit, maar in elke geval met die bepaling dat sodanige sub-komitees skriftelike verslag van hul werksaamhede moet doen aan die eersvolgende vergadering van die bestuur. Nieteenstaande die magte hiermee verleen kan toelating van lede behandel word alleen deur die bestuur self kragtens artikels 7 en 8 van hierdie grondwet.
 - (h) Die bestuur mag onderkomitees benoem uit lede van die Genootskap, of uit nie-lede, of uit beide, met vaste of ad hoc-magte en met of sonder die reg van aanvulling.
 - (i) Die bestuur is verantwoordelik om behoorlik notule van alle vergaderings van lede, die bestuur en ander komitees te hou, sowel as behoorlike finansiële en ander rekords en sal 'n geouditeerde balansstaat, inkomste- en uitgawerekening asook 'n verslag van werksaamhede aan elke jaarvergadering van lede voorleë.
15. Bywette en/of regulasies vir die goeie beheer van die Genootskap en van enige komitee daarvan kan van tyd tot tyd opgestel, gewysig of herroep word mits enige voorstel wat die Bywette of regulasies raak deur die bestuur of deur nie minder nie as 10 (tien) lede aan 'n algemene vergadering voorgelê en daardeur goedgekeur word vir inwerkingtrede om van bindende krag op lede te wees vanaf sodanige datum soos deur die algemene vergadering bepaal.
 16. Die ALGEMENE JAARVERGADERING van lede van die Genootskap sal in November van elke jaar gehou word, mits skriftelike kennisgewing daarvan

nie minder nie as een-en-twintig (21) dae voor die datum waarvoor die vergadering belê is aan alle lede gepos word. Sodanige kennisgewing moet aan lede se geregistreerde adresse gestuur word vergesel van die agenda vir die vergadering, die geouditeerde balansstaat, inkomste- en uitgewerekening asook bestuursverslag vir die voorafgaande jaar.

17. Die bestuur en/of Voorsitter moet op skriftelike versoek van nie minder nie as 10 (tien) lede, buitengewone vergaderings te enige tyd, behalwe in November, belê, mits skriftelike kennisgewing daarvan nie minder nie as een-en-twintig (21) dae voor die voorgestelde datum van die vergadering aan alle lede gepos word waarin die agenda met volle besonderhede van die redes vir die vergadering, verskyn. Op sodanige buitengewone vergadering mag slegs die sake wat op die agenda verskyn, bespreek word.
18. Op alle algemene vergaderings van die lede word 'n kworum gevorm deur die lede wat teenwoordig is vyftien (15) minute na die tyd bepaal vir aanvang van die vergadering, mits sodanige getal nie minder as tien is nie.
19. Die Genootskap is gestig en bestaan as 'n regs persoon, met die reg en bevoegdheid om in eie naam bates van die Genootskap te verkry, te behou, te laat registreer, te verbind, te verhuur of te vervreem, om enige regshandeling, of aansoek van enige aard voor enige hof, bevoegde liggaam, of persone met jurisdiksie te voer of te verdedig en in die algemeen om alles te doen of te laat doen met mag van substitusie wat nodig of wenslik mag wees vir die uitvoering van die doelstellings of die belange van die Genootskap en die sake daarvan, sonder uitsondering.
20. Die Genootskap mag in eie naam en vir enige doel van die Genootskap of vir enige van sy ondernemings onroerende eiendom verkry en registreer, by wyse van aankoop, huur of geskenk, ruil of op enige ander wyse en onroerende sowel as roerende eiendom van die Genootskap verkoop, verbind vir skuld, verruil, verhuur, belas en op enige wyse vervreem en serwitute of ander regte ten gunste van die Genootskap op eiendom verkry en laat registreer, en daarvoor ten gunste van enige ander eienaar of die algemene publiek regte toestaan.
21. Die Genootskap mag geld op enige wettige wyse invorder, verkry, beheer en belê en die finansies van die Genootskap gebruik vir die bevordering en uitvoering van die doelstellinge en ondernemings van die Genootskap en vir betaling van sy skulde. Enige geld nie benodig vir die onmiddellike behoeftes van die Genootskap nie, mag belê word in sodanige sekuriteite soos goedgeag deur die Bestuur.
22. Die inkomste en eiendom van die Genootskap, uit welke bron ookal verkry, moet aangewend word vir die bevordering van die doelstellinge van die Genootskap en geen gedeelte daarvan mag direk of indirek by wyse van dividend, bonus of andersins by wyse van vergoeding aan lede of nie-lede van die Genootskap betaal of oorgemaak word nie, met dien verstande dat aan 'n amptenaar of ampsdraer van die Genootskap of aan enige lid daarvan niks wat hierin bepaal is die betaling te goeder trou belet van vergoeding vir gelewerde dienste nie.
23. As daar by die likwidasië of ontbinding van die Genootskap en na vereffening van al sy skulde en verpligtinge nog eiendom van welke aard ookal oorbly, sal dit nie onder die lede verdeel of uitbetaal word nie maar oorgedra word

aan 'n ander inrigting met doelstellinge wat ooreenkom met dié van hierdie Genootskap en wat deur die lede by of voor ontbinding, aangewys word.

24. Terwyl die LEDE van die Genootskap NIE VIR DIE SKULDE daarvan AANSPREEKLIK is nie, onderneem elke lid van die Genootskap om, INGEVAL DIE GENOOTSKAP GELIKWIDEER OF ONTBIND WORD TERWYL HY 'N LID IS, OF BINNE EEN JAAR DAARNA, 'n bedrag van R1.00 by te dra tot die bates van die Genootskap vir betaling van die skulde en laste daarvan aangegaan voordat hy ophou om lid te wees en van die koste en uitgawes in verband met die likwidasië of ontbinding daarvan.
25. Afrikaans en Engels word na keuse van die lede by die verrigtinge van die Genootskap gebruik mits alle kennisgewings in beide tale deur die Bestuur uitgereik word.
26. Hierdie Grondwet kan gewysig word of die Genootskap kan ontbind word, deur 'n meerderheid van twee-derdes (2/3) van die aanwesige lede by 'n buitengewone algemene vergadering van die lede, mits dertig (30) dae skriftelike kennisgewing van so 'n vergadering en/of voorgestelde wysiging aan elke lid gepos is.
27. Enige kennisgewing gerig aan 'n lid aan sy adres soos aangeteken in die adreslys van die Genootskap word geag as ontvang deur die betrokke lid ses-en-dertig (36) uur nadat die brief gepos is.

28. STIGTING:

Ons, die ondergetekendes, verteenwoordigers van **GENOOTSKAP OUD-PRETORIA** behoortlik daartoe aangewys en gemagtig kragtens 'n besluit gedateer te Pretoria die 23ste dag van November 1965 en behoortlik geneem kragtens die Grondwet van die Genootskap, neem aan en bevestig die hieraangehgte statute as die Grondwet van die **GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**. Verder onderneem ons om die voorafgaande statute te vervang, soos dit vanaf datum hiervan alle lede sal bind en van krag sal wees sonder benadeling tot en met voorbehoud van alles wat gedoen is ooreenkomstig die vorige statute van die Genootskap.

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te PRETORIA hierdie 18de dag van Oktober 1966.

AS GETUIE:

1. Geteken:
2. Geteken: C. Kotzé.

(Get.) N. A. Coetzee,

Voorsitter.